

Ouers tronk toe oor kinders ‘stokkiesdraai’

In 1993 het ‘n egpaar van Vanderbijlpark tot in die buiteland opslae gemaak toe hulle geweier het om hul kinders aan die “boosheid” van staatskole bloot te stel. Hulle wou hul kinders deur middel van tuisonderrig ‘n behoorlike Christelike opvoeding gee, maar dit was teen die wet. Die ouerpaar, Bokkie en André Meintjes, is uiteindelik in Desember 1993 tronk toe gestuur na hofsake wat amper vyf jaar geduur het. Hul drie kinders is onder die sorg van hul grootouers in Vanderbijlpark geplaas terwyl hul ouers tronk toe is, maar al drie is later deur die staat in ‘n weeshuis aan die ander kant van die land geplaas sodat hulle nie hul ouers in die tronk kon besoek en aan hul “verderflike invloed” blootgestel sou word nie. Die Meintjes-egpaar is sowat ses maande later in 1994 vrygelaat onder die algemene amnestie vir gevangenes wat met die inwerkingstelling van die nuwe grondwet gepaard gegaan het. In dieselfde jaar wat hulle vrygelaat is, het die nuwe grondwet dit onmoontlik gemaak vir die owerheid om tuisonderwys weer te verbied. Daarom het tuiskolers reeds in daardie jaar begin om voorleggings en aanbevelings te maak oor hoe tuisonderdag bars tuisonderwys uit sy nate. Niemand weet hoeveel tuiskolers daar in 1994 was nie - na raming nie meer as 50 nie. Vandag is daar volgens die 2011-sensus reeds 56 858 tuisleerders in Suid-Afrika. Dit is ‘n duisendvoudige vermeerdering oor ‘n tydperk van skaars vyftien jaar. Vandag spog die drie Meintjes-kinders, Roy (nou 33), en die tweeling Charmaine en Johan (albei 36), met volwaardige nasionale matrieksertifikate wat hulle deur middel van tuisonderrig behaal het. Hul pa het in 2013 aan ‘n verslaggewer gesê dat hy en sy gesin destyds erg oor hul besluit veroordeel is - selfs deur hul eie familie. Hy en sy vrou het die besluit egter suiwer op grond van sekere geestelike redes gedoen en erken dat tuisonderrig slegs kan slaag as dit gedissiplineerd en georden plaasvind. Die Meintjes-egpaar is egter nie spyt oor die stryd wat hulle gestry het nie en sê hul kinders is vandag goed aangepas, gebalanseer, spontaan en gemotiveerd.



Die Meintjes-kinders, Roy, Charmaine en Johan in 1993 saam met hul grootouers, mnr. Fanie en mev. Joey Meintjes van Vanderbijlpark, nadat hul ouers tronk toe gestuur is. Argieffoto: Retha Fitchat



Mnr. André Meintjes, wat destyds saam met sy vrou, Bokkie, ‘n Vanderbijlparkse eiendomsagent, tronkstraf gekry het omdat hulle hul kinders self tuis wou onderrig en nie na ‘n staatskool wou stuur nie.